
Fees van die
dood
Fees van die
lewe
MARKUS 6:14-44

# So bietjie agtergrond

- Markus skryf vir gelowiges in Rome
- wat deurloop onder Keiser Nero
- en die Torah geken het
- Herodes was 'n tiran ...soos sy pa






14 Koning Herodes het van Jesus gehoor, want sy Naam het
bekend geraak. Party mense het gesê: "Johannes die Doper
is uit die dood opgewek. Daarom werk die kragte in hom."
15 En party het gesê: "Dit is Elia."
Ander het gesê: "Hy is 'n profeet soos een van die ou
profete."
16 Toe Herodes dit dan hoor, het hy gesê: "Die Johannes wat
ek onthoof het, is uit die dood opgewek."

**Markus 6:14-16**

17Vroeër het Herodes self gestuur en Johannes laat vang. Hy
het hom in die tronk opgesluit op aandrang van Herodias
die vrou van sy broer Filippus. Herodes het met haar getrou,
18en Johannes het vir hom gesê: "U mag nie u broer se vrou
vat nie."
19Herodias het daarna 'n wrok teen hom gekoester en wou
hom laat doodmaak...



Markus 6:17-19

21 Op 'n dag het Herodias 'n goeie kans gekry. Toe Herodes
op sy verjaarsdag vir sy hoofamptenare en die
opperbevelhebbers en die hoëlui van Galilea 'n feesmaal
gegee het, 22 het die dogter van Herodias daar ingekom en
vir hulle gedans. Dit het groot byval by Herodes en sy gaste
gevind. Die koning het toe vir die meisie gesê: "Vra my net
wat jy wil hê, en ek sal dit vir jou gee." 23 Daarby het hy dit
herhaaldelik met 'n eed vir haar bevestig: "Net wat jy my
vra, sal ek vir jou gee, tot selfs die helfte van my koninkryk."

Markus 6:21-23


24 Sy het toe uitgegaan en vir haar ma gesê: “Wat moet ek
vra?”
Dié het gesê: “Die kop van Johannes die Doper.”
25 Sy het haastig reguit na die koning toe geloop en vir hom
gevra: “Ek wil hê u moet vir my dadelik in 'n skottel die kop
gee van Johannes die Doper.”
26 Die koning was baie verslae, maar omdat hy dit voor die
gaste met 'n eed belowe het, wou hy haar dit nie weier nie.
Markus 6:24-26

Fees van die

# dood



- Herodes soek eer
- Randfigure moes maar net toekyk
- Herodes verloor eer
- Soos Pilatus...

34Toe Jesus uit die skuit klim, het Hy 'n groot menigte mense
daar gesien en Hy het hulle innig jammer gekry, want hulle
was soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hy het hulle toe
baie uitvoerig begin leer.

Markus 6:34

16 "Dan moet U, Here, God wat aan alle mense die lewe
gee, iemand oor hierdie volk aanstel 17 wat vir hulle 'n leier
en aanvoerder kan wees sodat die volk van die Here nie
soos skape sonder wagter sal wees nie."

*Numeri 27:16-17*

35Toe dit al baie laat was, het Jesus se dissipels vir Hom kom
sê: "Dit is 'n afgeleeë plek hierdie en dit is al baie laat.
36Stuur die mense terug sodat hulle op die plase in die
omtrek en in die dorpies vir hulle iets te ete kan koop."
37Maar Hy sê vir hulle: "Gee julle vir hulle iets om te eet."
Hulle antwoord Hom: "Moet ons met twee honderd mense
se dagloon brood gaan koop om vir hulle iets te ete te
gee?"

Markus 6:35-44

38Hy vra vir hulle: "Hoeveel brood het julle? Gaan kyk."
Nadat hulle gaan kyk het, sê hulle: "Vyf, en twee visse."
39Hy het hulle opdrag gegee om al die mense klompies-
klompies op die groen gras te laat sit om te eet. 40Die mense
het in groepe van honderd en in groepe van vyftig gaan sit.
41Toe het Hy die vyf brode en die twee visse geneem, na die
hemel opgekyk en die seën gevra. Daarna het Hy die brood
gebreek en dit vir sy dissipels gegee om aan die mense voor
te sit. Hy het ook die twee visse onder hulle almal verdeel.

Markus 6:35-44

42 Al die mense het geëet en genoeg gekry. 43 Hulle het nog
twaalf mandjies vol bymekaargemaak van die stukke brood
en die vis. 44 Van dié wat van die brood geëet het, was net
die mans vyf duisend.

Markus 6:35-44

Fees van die

# lewe

- Wildernis vs. Marklplein
- Randfigure kan aansit en eet
- Soos in die woestyn
- Jahwe sorg in oorvloed



Fees van die

# lewe

Jesus neem dit wat ons het
en maak dit meer as wat
nodig is!




Fees van die
dood
Fees van die
lewe
MARKUS 6:14-44